

## Leer by My

### Deel 4 – Die Vyand van Lewe

#### AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

---

---

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?

---

---

#### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Wat was jou hoogtepunt of wat staan vir jou uit van die afgelope 21 Dae van Vas en Gebed?

---

---

---

Wat ervaar jy is goeie dinge in jou lewe op die oomblik? Hoekom ervaar jy dit so?

---

---

---

---

Op watter manier moes jy al “nee” sê vir goeie geleenthede omdat jy ervaar het dit is nie in die wil van die Here nie? Wat was ander mense se reaksie? Hoe het dit uitgespeel in jou lewe?

---

---

---

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Jeremia 6:16 en Psalm 119:30. Hoe kan ons onderskei wat die beste en betroubare pad in ons lewe is?

---

---

---

Efesiërs 5:15-17. Wat dink jy bedoel Paulus met “*verstandiges*” en “*onverstandiges*”? Hoe kan ons onderskei wat is geleenthede van God? Hoe kan ons die wil van God onderskei soos vers 17 sê?

---

---

---

---

1 Timoteus 4:7-8. Hoe kan jy jou toewyding aan God “*oefen*”? Hoe kan jy daarin groei? Watter effek het dit om die wil van God vir jou lewe te onderskei?

---

---

---

---

Handelinge 17:27-28. Wat dink jy beteken dit: “*deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons*”? Hoe kan hierdie waarheid jou help in jou daaglikse keuses?

---

---

---

---

In watter areas van jou lewe is die motivering op: 1) *Doen meer*; 2) *Probeer aanvaarding kry*; 3) *Fokus op die eksterne*; en 4) *Gehoorsaamheid uit plig*? Hoe het jy al ervaar dat dit die lewe uit jou dreineer? Hoe kan jy reg dink in hierdie areas en ander optree?

---

---

---

---

---

Lees 2 Korintiërs 13:5 en Galasiërs 6:4a. Evalueer jou skedule van die afgelope week asook die week wat voorlê. Dink deur elke ding waarmee jy besig was of gaan wees en vra jouself die vraag: Bevat dit God se lewe of lei dit na 'n plek waar God nie is? Bid daaroor en maak saam met God die nodige aanpassings. Deel dit met jou groep.

---

---

---

---

---

---

## GEBED EN OMGEE

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

---

---

---

## NEEM 'N VOLGENDE STAP

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.

---

---

---